# DIE KERK EN SY JEUG*

In hierdie artikel word gehandel oor die KERK en sy jeug. Die nadruk val dus op die eerste lid. Wie hom oor 'n onderwerp met hierdie opskrif en strekking uitlaat, behoort vooraf uitsluitsel te probeer kry oor die vraag of die Kerk pligte en verantwoordelikhede teenoor die jeug in die algemeen en sy jeug in die besonder het, en aansluitend of daar regte is waarop die Kerk aanspraak mag maak en eise het wat hy aan sy jeug mag stel of verpligtinge wat hy hulle regtens mag oplê. En aannemende dat die Kerk sowel pligte en verantwoordelikhede as regte en eise het, dan die verdere vraag: waarop steun hierdie dinge? Wortel hulle in die Skrif en sy reformatoriese eksposies of is dit verordeninge en skeppinge wat op die goeddunke van die skepsel steun?

Om antwoord op hierdie belangrike vrae te kry, moet vooraf die een en ander oor die begrip 'Kerk' in christelik-reformatoriese verband gesê word. Iemand soos VAN NIFTRIK huldig die opvatting dat oor die Kerk alleen gespreek kan word wanneer en solank Jesus Christus en Sy lewende handeling in sowel die hede as die verlede prominent in die blikpunt van die bewussyn staan. Die Kerk is geen statiese grootheid nie, maar lewende en dus dinamiese, telkens opnuut belydende werklikheid. Dieselfde Jesus wat 19 eeue gelede op Golgotha gesterf en op die Paasmôre uit die dode opgestaan het, proklameer nog steeds in die volmag van die Heilige Gees die oorwining oor sonde, duiwel, dood en hel. Kragtens hierdie proklamasie versamel Hy vir Hom 'n Kerk oor die hele aarde. Die wese en die bestaan van die Kerk is in hierdie voortdurende handeling van Jesus Christus geleë. Ons word *met* mekaar onder die seënde versoening van Jesus Christus gestel en met *mekaar* opgeroep tot die lof van God en die diens van die naaste. Oor hierdie dinamiese karakter van die wese van die Kerk in en deur die voortgaande handelinge van Jesus Christus antwoord die Heidelbergse Kategismus op die vierenvyftigste vraag, naamlik wat daar van die heilige, algemene, Christelike Kerk geglo word, dan ook soos volg: Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die

---

* Hierdie artikeltjie is as referaat voorgedra by geleentheid van 'n Jeugkongres van die Ned. Herv. Kerk, gehou te Pretoria op 21 Mei 1955. Die sterk eerstepersoonsinslag waardeur dit gekenmerk word, moet aan die feit dat dit as voordrag gedien het, toegeskrywe word. Verder word die leser(es) nadruklik daarop attent gemaak dat 'n nie-teoloog hier aan die woord is. Teologiese aanvegbaarhede hierin moet bygevolg aan onkunde aan die kant van die outeur toegeskrywe word, en allermins as kritiek op persone of groepe. Hy wil in geen polemiek oor teologiese kwessies gewikkel raak nie en bied dan ook by voorbaat verontskuldiging aan vir enige kettery wat hierin verkondig mag wees.

ewige lewe uitverkies is deur Sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou.

Hieruit blyk dat die Kerk dinamiese werklikheid is wat lewend handel en handelend lewe. Die Bron hiervan is die Hoof daarvan, naamlik Jesus Christus. Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees: „Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van die ware gelowiges in Christus wat hulle saligheid in Jesus Christus verwag, omdat hulle gewas is deur sy bloed, en geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe, soos daaruit blyk dat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie. (Mag 'n mens nie byvoeg dat Hy nie sonder onderdane wil wees nie? Anders kon Hy ook vir Hom kinders van Abraham uit klippe verwek het). En hierdie heilige Kerk word deur God bewaar of in stand gehou teen die woede van die hele wêreld, alhoewel dit somtyds 'n tyd lank baie klein is en in die oë van die mense skynbaar tot niet geraak het." Dit is Jesus Christus wat Sy Kerk in stand hou, want dit is Hy wat vergader en deur Sy Gees proklameer. Om dié rede sal Sy Kerk altyd op aarde bestaan. Dit is ondenkbaar dat die Christendom tot niet kan gaan.

Die voorafgaande lei daartoe dat die Kerk anders en meer is as 'n godsdienstige vereniging van gelykgesindes, 'n kultusgenootskap of 'n godsdienstige geselskap. Die inisiatief lê by God, want dit is sy Gees wat stig en dra. Menslike inisiatief het slegs 'n dienende en gehoorsamende funksie. Op grond hiervan kan en mag die Kerk nie as 'n vereniging of as 'n genootskap behandel word nie. En hiermee hang ook saam dat die Kerk voorwerp van geloof is. Die Apostolicum bely: „Ek glo 'n heilige, algemene Christelike Kerk." Wat van die Kerk gesien kan word, naamlik die kerkgeboue, lidmaats- en doopregisters, die kultus, die dogma, predikante, ensovoorts, is nog nie die ware en die werklike Kerk nie. Die werklike Kerk is daar waar 'n mens in en deur die Heilige Gees glo, liefhet en hoop, waar wyding, toewyding, vernuwing, wedergeboorte en heiliging plaasvind.

Hierdie opvatting behels die gevaar om die sigbare Kerk maklik gering te skat, te verkleineer en selfs te minag. So maklik kan gesê word: wat maak dit nou saak tot watter sigbare kerkorganisasie iemand behoort as hy maar lid van die onsigbare, werklike en geestelike Kerk is. Dit is seerseker nie die klassiek-reformatoriese visie op die Kerk nie, om naamlik skeiding tussen die sigbare en die onsigbare te maak en om dan die sigbare tot 'n organisasievorm sonder meer te verlaag. Dit is vanselfsprekend 'n aardse organisasievorm in dié sin dat dit deur mense, sondige mense, georganiseer is en word. Alles wat deur menslike wil en opset hierin tot stand kom, geskied egter in biddende opsien tot, diepe afhanklikheid van en gewillige gehoorsaamheid aan die Hoof en die Heer van die gemeente, gepaard met

wydende dankbaarheid teenoor God vir Sy groot dade. Die sigbare Kerk is die Kerk IN die wêreld met 'n boodskap VIR die wêreld. Dit is die Kerk van Jesus Christus vir mense IN die wêreld, daarom dat hierdie Kerk ook aanhoudend die boodskap VIR die wêreld bring, nie dat die mens hom UIT die wêreld moet losmaak nie, maar om IN die wêreld in ons besigwees MET die wêreld tot lof en eer van God te lewe en van Sy groot dade te getuig. Elke gebeurtenis is sondaarsgetuienis, 'n belydenis van verlorenheid voor God, maar tegelyk 'n dankbare uitjubel teenoor God om Sy sondaar te wees en dus begenadigde in Christus Jesus.

In aansluiting by die voorafgaande ontstaan die uiters belangrike vraag, naamlik wat ons opgaan na die bedehuis onderlê en wat daar in hierdie bedehuis inderdaad gebeur. Hierop moet geantwoord word dat ons daarheen gaan om in die teenwoordigheid van en saam met Sy gemeente ons medeskuldigheid aan die dood van Christus te bely. Ons kerktoegaan is die uitdruklike en die sigbare bewys dat ons sondaars is. Die grondtoon is die bewustheid en die erkenning van skuld. Indien dit geen erkenning en 'n bewuste daad van sondaarskap is nie, dan is daar inderdaad ook geen behoefte aan die gepredikte Woord nie. Hierdie Woord spreek ons juis deur die Liefde van God in Christus Jesus as sondaars aan. Slegs in die belydenis van ons medeskuldigheid aan die dood van Christus en wat hierdie dood vir die indiwiduele skuldigheid beteken, kan daar ook belydenis van die geloof afgelê word, opgevolg deur die beluistering van die gepredikte Woord.

Die kritiese leser sal onmiddellik aanvoel dat die skrywer in 'n besondere mate die klem op skuldbesef en skuldbelydenis laat val. Geloofsbelydenis sonder skuldbesef en skulderkenning bly in werklikheid leeg en sonder betekenis. Hoe kan daar geglo word indien daar geen skuldbesef aanwesig is nie, en waarom moet daar geglo word as daar nie bewustheid en erkenning van skuld bestaan nie? Dit sal tog alles so sinledig wees om belydenis van die geloof af te lê indien die donkere agtergrond van skuld en 'n besef van verlorenheid nie konstant aanwesig is nie. Dit beteken egter geensins dat skuld- en geloofsbelydenis as twee sake gesien moet word wat naas en na mekaar bestaan nie. Skuldbelydenis is reeds belydenis van die geloof en omgekeerd. Wie in Christus glo, bely dat sy bestaan dié van 'n sondaar is, terwyl hoe sterker hy van sy sondaarskap bewus is, des te groter is die geloof in sowel die soenverdienste van Jesus Christus as die reddende genade van God. Dat ek weet ek is sondig (Skuldbelydenis), is al reeds 'n stuk geloof (Geloofsbelydenis). Die bekende Kortbegrip sê dan ook dat daar drie geloofshoofstukke is, d.w.s. drie stukke geloofsbelydenis, naamlik skuld-, verlossings- en dankbaarheidsbelydenis. Die lewe van dankbaarheid en van dankbare toewyding wortel in die sekerheid dat my skuld my om Christuswille vergewe is.

En tog: al veronderstel skuld- en geloofsbelydenis mekaar, ontstaan die vraag nogtans of die Kerk in sy taak en werk van skrifverkondiging en veral in die inkleding van die erediens nie te min van skuldbelydenis maak nie. Vir die skrywer hiervan as nederige denker en as meedoener aan die kerklike lewe het die vraag, veral wat betref die inkleding van die erediens, al meer as een keer ontstaan of die deurslag lidmaat wel deeglik bewus is waarteen die belydenis van die geloof hang. Wanneer laasgenoemde omskrywe word as 'n sekere kennis, 'n ontwyfelbare wete dat die mense se sondes hom om wille van Christus vergewe is, dan mag die werklikheid van die kwaad vir geen oomblik uit die oog verloor word nie. Moet die belydenis van skuld nie 'n baie prominente plek in die erediens inneem nie? Daar moet 'n aanhoor en uitsê van skuld en kwaad plaasvind en om dit te kan uitsê, moet ook voortdurend daarvan gepraat word. Hierdie werklikhede moet by die mens ingeprent en ingeskerp word.

Aansluitend by die onmiddellik voorafgaande opmerkinge ontstaan nou 'n verdere beskeie vraag, naamlik of daar nie meermale OOR kwaad en OOR sonde gespreek en selfs geraas word nie, asof daar verwag moet word dat die mens nie weer en meer sal kan sondig nie. Hieruit mag egter nie gekonkludeer word dat die kwaad in die indiwiduele bestaan nou maar moet voortwoeker nie. Dit sou 'n gruwelike skending van die plig van dankbaarheid en die opdrag om oor die sonde te heers, beteken. Feit is egter dat die kwaad sal voortduur, ook in ELKE indiwiduele bestaan. Wie dit nie wil erken nie, ken homself nie of wil homself nie ken nie. Die indiwiduele mens moet van sy persoonlike boosheid en weerbarstige natuur bewus bly, en wanneer hy hiervan bewus is en die gruwel daarvan besef, dan sal hy sy skuld voor God bely en uit dankbaarheid vir die vergewing daarvan teen die eie boosheid stry, NIE om as mens daarvan ontslae te raak nie, maar om in alle waaragtigheid en eerlikheid MINDER te sondig. Ons moet nie probeer om van die mens en dus ook van onsself te verwag om nie meer te sondig nie, maar om uit dankbaarheid MINDER te sondig. En hoe minder daar gesondig word, des te sterker 'n mens van die boosheid van jou eie natuur bewus word. En hoe meer ons van ons sondaarskap bewus word, hoe nader ons aan God lewe, en hoe nader ons aan God lewe, hoe sterker ons vertroue in die soenverdienste van Christus. Om Christen te wees, beteken om sondaar te wees en om sondaar te wees, beteken om te glo wat die Apostolicum bely.

Die Kerk in sy konkreetheid en as lewende dinamiek kan my alleen tref wanneer ek gemeensaam bely ten einde te kan luister na die Woord, die Woord wat my aanspreek en my veroordeel, maar dieselfde Woord wat my ook vryspreek. Die Ecclesiologie kan slegs vanuit die Christologie bepaal word. Vanselfsprekend beteken dit allermins dat die Kerk in enigeen van sy instansies saligmakend en heiligend kan optree. Die belydenis, sowel van skuld as geloof, het behoefte aan die gepredikte Woord en die

deelname aan die Sakramente. Die mens, soos hy in die wêreld is, het wanneer hy bely, behoefte aan 'n sigbare, aardse organisasievorm. En sou hy hieraan geen behoefte hê nie, dan ontstaan die vraag onwillekeurig of so iemand al ooit tot skuldbesef en skulderkenning geraak het. Die sigbare Kerk het 'n dienende funksie: versameling van sondaars en verkondiging van die heilswaarde, naamlik van Skepping en van Sondeval, van Verlossing en Genade, van Verwagting en Voleinding, maar ook van Oordeel en Vervloeking.

Die Kerk as grootheid het uit die besondere genade van God in Christus Jesus voortgekom. Dit word deur dankbare, gelowige mense georganiseer en geadministreer in gewillige gehoorsaamheid aan Christus as die Heer en die Hoof daarvan. As begenadigde instelling en as simbool van God se voortdurende bemoeienis met die mens het dit pligte en verantwoordelikhede. Op grond van Sy Genadeverbond met die mens en Sy vernederende Vleeswording in Christus spreek Hy die sondige mens voortdurend aan: Hy roep die mens — waar is jy — en Hy verwag 'n antwoord van die mens. Die direkte stem van God soos aan Adam, Abraham, Moses, Samuel, die Profete, ensovoorts, verneem ons wel nie meer nie. Ons hoor Hom egter nog steeds in en deur Sy Woord. En as die mens wil antwoord sonder die Woord wat hom totaal opeis, dan is en bly dit 'n antwoord op mensewoord, menslike goeddunke en menslike welbehae. En laat ons dit maar met nadruk stel en daarby nog onderstreep: die eiegeregtige mens en die sondige mensheid het genoeg van die antwoord van die mens op mensewoord, ook vanaf die preekstoel.

Tot die Kerk in sy sigbare vorm behoort almal wat tot die belydenis van die geloof in 'n bepaalde Kerk toegelaat is met insluiting van hulle wat deur die Sakrament van die Doop in die Genadeverbond ingelyf is, dus sowel belydende as dooplidmate. As behorende tot die Kerk in sy sigbare aardse organisasievorm tref ons derhalwe aan mense van uiteenlopende ouderdom en trap van ontwikkeling. Dit skommel tussen die grysaard oor wie die lang skaduwees van die einde reeds begin toesak en die klein kindjie wat as moontlikheid die lang en onbekende weg maar net begin het. En of dit nou grysaard, kind of jeugdige is, ALMAL IS MENSE IN DIE WÊRELD, mense met behoeftes en node kragtens hulle biologiese bepaaldheid, mense met neiginge en drifte, met verlangens en ideale, mense met hulle angs en onrus, hulle vreugde en blydskap, hulle smart en rou, dikwels mense in hulle geweldige eensaamheid en verlatenheid, wesens in hulle eenlingskap en alleenheid, mense met besondere begaafdhede en gawes, opvallende gebreke na sowel liggaam as gees, armes van gees en bedeeldes met gees, meegaande en moeilike mense, mense wat aan die geskiedenis van Kerk en Staat verknog is, rewolusionêres en dwarskykers, niksweters en onverbeterlike beterweters, en oneindig meer variasies. Kortweg: die rykste verskeidenheid en die grootste uiteenlopendheid wat 'n mens jou

maar kan voorstel. In kerklike verband is daar 'n heterogeneïteit soos mens dit nêrens elders aantref nie. Die Kerk is die enigste organisasievorm wat hierdie heterogeneïteit ken; hy is die enigste wat hierdie heterogeneïteit versamel en wanneer hy versamel is, dan is almal gelykwaardig voor God, want almal is sondaars. Die Kerk ken geen stande en beroepe nie; hy weet net van sondaars en begenadigdes in Christus Jesus. Vir die skrywer bly dit een van die sonderlingste, maar ook een van die mees aangrypende gedagtes, naamlik dat hoe opsigtelik die skeidinge en onderskeidinge in ons ondermaanse druktes en doenighede ook al mag wees, alle verskille verval wanneer ons na die Bedehuis gaan om daar belydenis van skuld en geloof te gaan doen en na die Woord van God te luister. Daar klink net EEN trilogie: julle is almal sondaars en medeskuldig aan die dood van Christus; God het mens geword ter wille van die mens en dus vir elke enkeling; die wêreld wat eenmaal goed was, sal uiteindelik weer goed word.

Die Kerk is daarvan bewus dat hierdie homogene vergadering sodra hy die Bedehuis verlaat, weer 'n heterogene word en dat hy weer die stryd en die stuwinge wat deel van ons in-die-wêreld-wees is, binnetree. Almal bly worstelaars in die wêreld. In hierdie ondermaanse gemaal is elkeen met sy sorge en kwellinge, sy gewoel en gewerskaf, sy lief en leed besig: die een hiermee, die ander daarmee. Ons staan in die brandinge van die lewe waar die stryd om die bestaan meermale sulke geweldige afmetinge kan aanneem. Synde 'n mens, word deur elkeen veranderinge teweeg gebring, maar ondergaan elkeen ook gedurig veranderinge. Met geen mens ter wêreld nie gebeur dinge maar net! Elkeen, in watter fase van groot- en ouerwording hy mag verkeer, speel sy rol in die lewensdrama. Niemand is 'n meganiese, werktuiglike of uitsluitlik natuurlike wese nie. Die mens lewe in 'n bepaalde mensgemaakte wêreld, die wêreld van die kultuur. En wat meer is: hy aanvaar sy lewensweg met 'n bepaalde biologiese erfenis in 'n bepaalde kultuurmilieu. Sy kultuurmilieu wat 'n wêreld van waardes beliggaam en verteenwoordig, oefen bepalende invloed op sy doen en late uit. Ons denkbeelde oor goed en kwaad, die goed- en die afkeurenswaardige, die behoorlike en die onbehoorlike, waarin ons gebore en getoë word, het gedragswysigende betekenis. Die opvallende is dat ons deurgaans baie groter erfgename as erflaters is, en dat ons wat ons doen en late betref, inderdaad baie min oorspronklikheid aan die dag lê. Verder is dit nou maar eenmaal so dat ons in 'n wêreld van voortdurende veranderinge lewe wat teenswoordig mekaar met verbysterende, selfs asemberowende snelheid opvolg. Daar is veranderinge op die gebied van die waardeskattinge; die rangordes van waardevoorkeur wat ons lewens van keuses bepaal, verander gedurig of is minstens aan veranderinge blootgestel, en soos dit verander, wissel die aard van ons deelname. Wie kan ontken dat die ouer generasie onder ons hulle daeliks groter vreemdelinge in hierdie wêreld voel, en wie kan ontken dat die jonger geslag meermale glimlag oor of selfs

spottend verneem van die doen en late van die oueres onder ons toe hulle nog kinders was? Soos die tye verander, so verander die sedes.

Die Westerse wêreld beweeg op die oomblik deur 'n baie gevaarlike fase in sy veelbewoë en krisisvolle geskiedenis: dit is blykbaar baie moeiliker om vrede te maak en die vrede te bewaar as om oorlog te voer. Dit is 'n wêreld van delirium, 'n geskonde wêreld, niks minder nie as 'n besete wêreld. Niemand weet hoe vertroebel menslike verhoudinge môre kan wees en wat hieruit vir oormôre gebore kan word nie. Hierdie eeu ken reeds twee wêreldoorloë van skokkende omvang. Alles word tans in die werk gestel om 'n dreigende derde af te weer. Dit het blykbaar tot die bewussyn van verantwoordelike staatsliede en bewindhebbers deurgedring: 'n ewentuele derde wêreldbrand kan die einde van baie dinge, wellig van alles beteken. Die toekoms sal moet leer of wysheid en verdraagsaamheid permanent oor hartstog en hebsug kan seëvier. Die moderne mens het daarin geslaag om wat binne trefafstand is, aan sy voete te onderwerp. Hy het die natuurlike wêreld ontrafel en daarin kragte ontdek, die aanwending waarvan hom 'n buitengewone baasskap oor die natuurlike wêreld besorg het. Dit is die eeu van die tegniek en die masjien, van spoed en staal, van besigheid en beheersing, van beton en van mag. Hy het bevrediging gekry vir sy drang om die bestaande te beheers, hoewel elke prestasie 'n nuwe uitdaging inhou. Daar moet oortref en tot elke grens deurgedring word!

Die hoogsbelangrike vraag is nou of en in watter mate hierdie dinge die mens se kerklik-godsdienstige lewe raak. Dat hierdie faset van sy bestaan deur die genoemde dinge geaffekteer word, ly nie die minste twyfel nie. Die mens in sy behaalde suksesse en die uitdaginge wat hierdie suksesse aan hom rig om hulle te oortref, het geen of bitter min behoefte aan afhanklikheid en gehoorsaamheid. Laasgenoemdes is lastige dinge, en wat meer is: daar mag geen gesag erken word nie. Afhanklikheid is geen sieraad nie, maar skande en 'n openbaring van menslike onvermoë om die bestaande wêreld te beheers. Die godsdiens is 'n volslae anachronisme, 'n oorblyfels uit primitiewe tye. By baie het menslike geroepenheid in sy skrifbepaaldheid plek gemaak vir 'n fatalistiese lewenshouding, selfs vir nihilisme en absurditeit. Indien daar 'n God is, waarom laat Hy sulke wrede dinge onder mense toe? Hierdie tipe denke is te midde en in weerwil van die groot mag waaroor die moderne mens beskik, pynlik bewus van sy volslae magteloosheid om die aantog van die katastrofale af te wend. Dit lyk asof hy wil uitroep: begin en kry klaar, vat my en vernietig my, hoe eerder hoe beter! Oor die breë linie gesien, word die indiwiduele mens hoe langer hoe meer 'n vertegnifiseerde en vermeganiseerde wese. Hy dink eintlik nie meer nie: die masjien en die oorlosie doen dit vir hom. Hy is maar net 'n produksiemiddel, 'n hefboomoperateur en 'n meganiese skakel in die produksieproses.

Hoe lyk dinge hier in ons Vaderland? Die Kerk het tog ook hier 'n geografiese terrein en 'n nasionale taak. Hy moet by sy Jerusalem begin, sy mense. Die oueres onder ons was en is die ooggetuies van ingrypende veranderinge op haas elke terrein van die nasionale struktuur. Gedurende die afgelope twee tot drie dekades het ons oorgeskakel vanaf 'n rustige, agrariese na 'n geïndustrialiseerde en gekommersialiseerde samelewing. Hierdie landelike in sy eenvoud van vroeër is tans ook grootliks gemeganiseerd. Wat nou in hierdie verband in die gedagte gehou moet word, is dat hierdie oorskakeling ons grootliks oornag en dus onvoorbereid gevang het. Die landelike lewe met sy kenmerkende rustigheid was oorwegend ingestem om in eie behoeftes te voorsien, terwyl beroepsopleiding, veral tegniese opleiding, in die vroegste fases van hierdie oorskakeling feitlik nog nie bestaan het nie. Oor die ontwrigting wat met hierdie bevolkingsverskuiwing plaasgevind het, hoef hier nie gehandel te word nie. Net dit: die Kerk is, soos dit wil voorkom, ook onverhoeds gevang. Toe die verskuiwing plaasgevind het, was die kerklike organisasie óf nie daar nie óf wat daar was, kon die ontwikkelende toestande nie die hoof bied nie. Kerklike vervreemding, onverskilligheid en selfs 'n gesindheid van vyandigheid het ingetree, terwyl die sektewese en vreemde ideologieë 'n vrugbare teelaarde gevind het.

Te midde van hierdie ontbindings- en ontwrigtingsprosesse staan die so tragiese feit dat die tegniek en die masjien in die diens van produksie 'n volslae werklikheid geword het. Vroeg en laat, tydig en ontydig, word van die noodsaaklikheid van industrialisasie en van produksie verneem. Dit is industrialisasie en die noodsaaklikheid van spesialisasie, die onvermydelikheid van immigrasie en irrigasie, produksie en kompetisie, alles onder die verleidelike wekroep van VOORUITGANG. Ons lewe inderdaad onder 'n vooruitgangskreet. Vir enige in verantwoordelikheid denkende mens moet hierdie vooruitgangsmanie tot nadenke dwing en . . . BESORGDHEID wek. Niemand is teen vooruitgang en teen die bebouing van die Vaderlandsakker nie. Elkeen weet ook dat geen mens sonder brood kan lewe nie, maar tegelyk behoort elkeen te weet dat die mens by brood alleen nie kan lewe nie. In alle opregtheid en met goeie bedoelinge word gevra of vooruitgang op industriële gebied nie geleidelik die norm vir die geestelike welsyn van die volk en dus vir menswaardigheid en menslike geroepenheid begin word nie. Loop ons nie gevaar om menswaardigheid in terme van ekonomiese bates en produksievermoëns te meet waardeur die mens aan merkantilistiese doeleindes uitgelewer word nie? Daeliks styg die besorgdheid dat Suid-Afrika in sy toenemende tempo van industrialisasie, van wetenskaplike en nywerheidsontwikkeling 'n lewensopvatting toegedaan kan word wat moeilik met sy Christelik-historiese visie oor menslike geroepenheid gerym kan word. Die strekking van die eerste artikel van ons grondwet kom daarop neer dat die lotgevalle van volkere en nasies in die

Hand van God-Drieënig rus. Die aanvaarding van die opperheerskappy van God oor die Skepping en die skepsel beteken minstens twee dinge, naamlik om elkeen wat mens is in sy persoonwees raak te sien en as sodanig te behandel, en tweedens om die mens ook aan die idee van menslike geroepenheid te herinner.

Die voorafgaande opmerkinge is nie bedoel om die huidige of enige owerheid te kritiseer nie, maar om die Kerk te herinner aan sy verantwoordelikheid en opdrag wat betref die roeping en die taak van die mens in hierdie wêreld. Geen Kerk het met die mens in sy hiernamaalse te doen nie, — behalwe in sy dogmatiese Eschatologie — maar met die enkeling IN die wêreld, ook en veral in sy arbeidslewe. Die Kerk is verplig om die implikasies van sy gehuldigde mensbeeld sowel te bewaak as te verkondig. Die mens se bestemming is die Ewigheid; sy taak lê egter in die tyd. Die Ewigheid moet IN en VIR die tyd meepraat; die Ewigheid is vir tydsordeninge bedoel. Hulle is nie geskeie sake nie. Ons lewe IN die tyd met 'n deurtog NA die Ewigheid. Die taak is om die DEURTOG na die Ewigheid die moeite werd te maak. Om te herhaal: vooruitgang moet daar wees en moet die rykdomme van ons land ontgin word. Maar mag dit ooit as doeleindes gesien word in die bestrewing waarvan menslike geroepenheid geweld aangedoen word? Wat die Weste en ook vir ons as 'n loot daarvan groot gemaak het, is nie sy industrialisasie, sy tegnieke en tegniese beskawing nie, maar die beoefening van en die gehoorsaamheid aan sy kultuurerfenisse uit Griekeland, Rome en Jerusalem, met die allergrootste nadruk op Jerusalem. Dit is juis die industrialisasie en die tegniek wat vir so baie van die miséres van die Weste verantwoordelik is. Dit wil voorkom asof oor die breë linie gesien daar 'n vooruitgangsfilosofie gehuldig word wat op sy beurt in 'n bepaalde lewenshouding wortel, naamlik die van heers-oor en van beheersing van die werklikheid. Meer as waarvan ons wellig bewus is, word ons doen en late bepaal deur die filosofie van die eksperimentalisme, die pragmatisme, die instrumentalisme, die positiwisme, die materialisme en die progressiwisme. Die geslaagde toepassing hiervan kristalliseer in ekonomiese vooruitgang, óf om van vooruitgang te kan praat, moet na die eksperimentele, die instrumenteel-tegniese en die pragmatiese gegryp word. Agter industrialisasie en tegniek skuil 'n bepaalde mensbeeld, 'n partikuliere lewensvisie, 'n idee van menslike geroepenheid. Wie meen dat industrialisasie somaar soos 'n klomp sprinkane op die wêreld neersak, begryp van menslike beplanning en bedrywigheid presies niks nie.

Die skrywer hiervan is terdeë daarvan bewus dat sodra teen industrialisasie-tot-wie-weet-watter-grens gewaarsku word, en wanneer veral op die gevaar van ontgeesteliking van die mens gewys word, jy dan gevaar loop om as 'n verstokte wysgeer uitgekryt te word: 'n remskoen aan die beskawing en die spelbreker van die vooruitgang. Sodanige kritiek hoef

niemand 'n slapelose nag te besorg nie. Die beoefenaar van die Wysbegeerte bestudeer en bedwarskyk hierdie dinge. Hy weet wat die mensbeeld is wat hierdie dinge dra en onderlê. En wanneer hy 'n ope gemoed vir die betekenisvolle invloed van die Christelike lewensvisie het, dan weet hy dat hulle van skepping en sondeval, van verlossing en voleinding, so goed as niks wil weet nie. Hoe dit sy: hierdie mensbeeld staan in skrille kontras met die boodskap en die opdrag uit Jerusalem, die boodskap en die opdrag wat die Kerk vir sy rekening geneem het. Die Christendom ken geen eksperimentalisme nie; hy het en bely die waarheid; dit soek nie die waarheid nie en die waarheid is ook nie in die maak nie; sy progressiwisme is 'n progressie na die eschatologiese. Enige persoon wat vir homself kan dink, behoort te weet wat die uitwerking van 'n filosofie van die eksperimentalisme op mens en maatskappy, en dus ook op die Kerk in sy georganiseerde opset is. 'n Mens moet waarlik in 'n gekkeparadys lewe indien nie ingesien en erken word nie dat hierdie houding van heers-oor-die wêreld ook via ekonomiese vooruitgang en industrialisasie feitlik elkeen van ons, veral ons jeug, in sy genadelose wurggreep vasgevang het.

Dit sal geen moeilike taak wees nie om 'n donker en selfs skokkende prentjie van ons jeug voor te hang, veral daardie deel van ons jeug wat regstreeks en onregstreeks by hierdie vooruitgangsfilosofie betrokke is en die slagoffers daarvan word. Dit vereis egter 'n aparte studie en wel deur iemand wat oor die feite beskik om die Kerk te laat besef watter omvang die ontbindings- en verwordingsproses reeds aangeneem het. Dit is meer as tyd dat die Kerk hom van die ware toedrag van sake sal vergewis, hoe eerder hoe beter. Net dit: daar is jeugverwildering en jeugmisdaad, daar is egskeiskeiding en gesinsontwrigting, daar is lewensvervlakking en 'n lewensmoegheid wat hom openbaar in die bestrewing van waardes wat in 'n Christelike rangorde van voorkeur geen of 'n baie lae rangplek geniet. Ons jeug is en raak vasgevang in die proses van industrialisasie en sy tweelingbroer, naamlik die materialisme. Sy gees raak vertegnifiseerd en vermeganiseerd. Die filosofie van die valse vooruitgang omknel en omarm hom; dit betower en inspireeer hom, sodat hy ook 'n visie van heers-oor-die-wêreld toegedaan word, indien dit nie reeds volslae is nie. Daar is 'n onversadigde hunkering na krag- en topprestasies, na grootpratery en grootdoenery, gepaard met 'n houding van dikwelse onverbeterlike beterweterigheid. Na enige en elke middel word gegryp om die beheersingsdrang te bevredig wat in so baie gevalle niks anders is nie as kompensasie vir 'n gevoel van onrus, onvermoë en diepe ongeluk. Die middel om hierdie gevoel van onbehaaglikheid te verwyder, is die geld. En wanneer hierdie afgod die middel word, gaan die vraag nie meer oor die sin van menslike geroepenheid nie, en heeltemaal nie wat die lewe in roepingsverband van die mens eis nie. Die deurslag jeugdige proklameer eenvoudig sy regte en sy eise wat oor die breë linie gesien, uitdrukking vind in die beoefening van 'n sekskultus, skemerkelkie-, bioskoop-, sport-, vakansie- en 'n hande-in-die-

broeksak-kultuur. Die enigste probleem waaroor nagedink moet word, is hoe met 'n minimum liggaamlike en geestelike inspanning teen die kortste werksdag en die langste naweek die maksimum verdien kan word. Arbeidsverrigting ken geen plig en trots meer nie; dit geskied steeds onder 'n reeks vraagtekens soos hoelank daar gewerk moet word, wat presies gedoen moet word en of daar nie wellig te veel gedoen kan word nie, watter vakansie- en langverlofvoordele daar is, of die arbeid lonend is en of daar nie miskien nog gedink en selfs gestudeer sal moet word nie. Alles geskied onder 'n pragmaties-utilistiese motief met nog 'n sterk seksinslag daarby. Die verhewe visies by monde van die Christendom oor sowel die arbeid as die huwelik word gewoonlik met 'n honende grynslag bejeën. En wanneer die arbeidsterrein verlaat word, dan is daar 'n juigende sug van verligting, want nou kan 'n nuwe wêreld betree word en wel die van geestelike barbarisme wat uit blêrkaste weergalm, die kultusse van vrouelike ekshibisionisme, lewensvervalsende liefdesverhale deurspek met walglike seksualiteit, meermale gevoed deur 'n pers vir wie propaganda en sensasie nogal verkoopswaarde kan besit.

Die beeld wat in die voorafgaande enkele sinne geskets is, het geensins die bedoeling om ons jeug te verkleineer of te beswadder nie. Niks lê verder van die bedoelinge van die skrywer as dit nie. Wat meer is: elke en enige vorm van slegmakery of 'n geraas OOR sonde moet ten sterkste afgekeur word. Die allereerste saak wat enige verantwoordelike instansie, en dus ook die Kerk, moet besef, is dat hy mede-verantwoordelik is vir die toestande en die omstandighede waarin die jeug hom bevind. Die jeug self word geensins van alle blaam onthef nie; hy het deel daaraan, maar is nie alleen aandadig nie. Wanneer 'n kind die spoor byster raak, het hy ook die reg om sy ouers te verwyt vir wat daar met hom gebeur het. Die jeug geniet sy grootwording in 'n bepaalde sosiaal-kultureel-ekonomiese milieu. Dit werk vormend op hom in. Hy het dit geërf, en wat 'n mens erf, is nie sonder betekenis vir lewenshouding en gesindheid nie. Niemand ter wêreld is sonder geestelike erfenisse, en niemand sluit sy erfenis in 'n brand- of yskas toe nie. Hy leef daaruit en hy werk daarmee. Op sy beurt oorhandig hy dit weer aan diegene na hom. En so duur die proses van geslag op geslag voort.

Ten spyte van die sorgwekkende dinge wat genoem is, word die oortuiging nogtans gehuldig dat ons jeug oor die goeie wil beskik om sy lewe met dié dinge te vul wat menslike bestaan sy waardigheid besorg. Hy is steeds leibaar en wens om gelei te word; hy het behoefte aan simpatie en veral simpatieke gesagsleiding. Ons jeug is besig om te verwilder, omdat hy besig is om te vereensaam. En wanneer hy die weg van die minste weerstand volg, dan is dit omdat sy siel vernietig word deur die magte wat in die post-oorlogse rekonstruksie aan die werk gestel is. Die Kerk, en trouens enige verantwoordelike instansie, moet in die gedagte hou dat elke oorlog

as vernietigingsaangeleentheid heropbou verg. Die weeropbou na die eerste wêreldoorlog was, wat ons land betref, anders as na die jongste een. Ons het toe maar net begin om te industrialiseer en te meganiseer. Die jongste wêreldbrand het ons in 'n groot mate op onsself teruggegooi. Vandag is ons skynbaar met 'n besondere idee beheb, naamlik industrialisasie. Maar nou het daar iets ekstra bygekom: die aandag van die hele wêreld is op Suid-Afrika toegespits. Waarom en waarvoor ons Vaderland beloer word, kan hier geen aandag geniet nie. Wat egter so tragies is, is die feit dat ons na-oorlogse heropbou nie gaan oor die verskerpte en die verstewigende uitbou van ons histories-christelik visie nie, maar watter bydrae Suid-Afrika kan lewer in 'n ewentuele volgende wêreldbrand, veral wanneer die Suezkanaal gesluit word. Ons land met sy fenomenale rykdom aan grondstowwe moet vir oorlogsdoeleindes ontgin word!! Die ontginning vereis die tegniek en die tegniek verg die mens om hom te manipuleer. Die gevolg hiervan is dat 'n radikale verskuiwing in die rangorde van waardevoorkeur noodwendig moet intree. Is 'n mens totaal verkeerd wanneer die gedagte uitgespreek word dat Suid-Afrika 'n verkleinde Amerika word, nie net wat betref industrialisasie en produksie nie, maar ook en veral wat betref die lewensvisie wat hierdie dinge onderlê? Ons bevind ons in 'n uitgesproke dualistiese situasie: ONS CHRISTELIKE LEWENSVISIE IS UITGEDAAG DEUR DIE SCIENTISME!! Baie min mense is hiervan bewus.

Wat staan die Kerk te doen? Moet hy die Scientisme, hierdie verwetenskapliking en veral vernatuurwetenskapliking van die omvattende lewe aanvaar en sy jeug afskrywe? Moet hy die vooruitgangsfilosofie propageer en 'n heers-oor-die-wêreld-houding soos die Scientisme dit interpreteer, goedpraat? So iets is totaal ondenkbaar. Dit sal progressiewe selfmoord beteken en op 'n verloëning van sy opdrag en geroepenheid neerkom. Die Kerk het 'n roeping en 'n plig in hierdie wêreld; hy het ook 'n plig en 'n verantwoordelikheid teenoor die jeug wat deur die Koning van die Kerk op sy pad geplaas is. In alle beskeidenheid word die volgende vir oorweging aangebied. Die taak van die Kerk teenoor sy jeug moet in drieërlei verband gesien word, naamlik:

1. Die Kerk se boodskap AAN die wêreld.
2. Die Kerk se taak IN die wêreld, en
3. Die Kerk se samewerking met die landsowerheid.

Oor elkeen hiervan moet enkele opmerkinge gemaak word.

*Die Kerk se Boodskap aan die Wêreld*: Reeds is gekonstateer dat die Kerk in sy sigbare en aardse organisasievorm 'n begenadigde instelling is met 'n besondere taak, naamlik die verkondiging van die heilswaarhede, die boodskap uit die gebied van die Gans-Andere. Die Kerk moet hierdie boodskap bely en daarvan getuig; hy moet uitnooi en versamel, en vroeg en

laat die heilswaarhede verkondig. Sy program is in die vroeër genoemde trilogie beliggaam en hierdie program kan nie gewysig word nie. Onder andere moet die Kerk daarvan bewus bly dat die wêreld blykbaar totaal vergeet dat hy midde in die kwaad lê. Nou het hy, hoe paradoksaal dit ook mag klink, behoefte daaraan om van sy kwaad en oerskuld bewus gemaak te word. Dit is tog immers 'n inherente deel van sy teenswoordige toestand. Om dié rede word dit herhaal: daar moet nie OOR kwaad en OOR sonde gepraat en gespreek word nie, maar VAN kwaad en VAN skuld wat aan elkeen wat mens is, klewe en knaag. Die Kerk verkondig tog nie die duiwel nie, maar Christus. Die geskreeu oor kwaad en die oprakeling van allerlei ongeregtighede sal na die oordeel van die skrywer geen invloed op die afname van hierdie ongeregtighede hê nie. Hierdie benaderingswyse is ook so uiters negatief. Wat meer is: wie durf uit eie vroomheid, die predikant inkluis, met die vinger na 'n ander wys? Hiermee word nie bedoel dat die evangeliedienaar sy roeping kragtens die Woord van God moet verontagsaam deur die goddelose nie te waarsku nie. Om die goddelose te waarsku, is om hom bewus te maak van die kwaad in homself opdat die grootheid en die gruwel daarvan besef sal word.

Dit is slegs wanneer sowel volwassene as jeug van die kwaad bewus is dat ons as medesondaars na die Bedehuis sal gaan om daar belydenis van ons skuld en doemwaardigheid te doen, en dit *telkens weer* te doen. Dit is slegs uit hoofde van die bewustheid van my vervalle toestand dat die Woord my kan tref en my die versekering gee dat my skuld my om wille van Christus vergewe is. Die vraag het al meermale ontstaan of ons nie die kwaad uit die wêreld wil uitpreek nie. Wat 'n hoop!! Die ergste is nog dat dit langs die weg van allerlei vrees- en bangmaakpaaiboelies geskied waarby die aandeel van die duiwel en die hel nogal nie onbelangrik is nie. Waarlik: ons jeug wil nie weet hoe warm die hel is nie, maar hoe groot die Liefde van God is en dat die Liefde van God so groot is dat elkeen wat sondaar is, maar meer nog: *slegs* hulle wat sondaars is en hulle ongeregtigheid voor Hom bely en in Sy Liefde glo, in daardie Liefde opgeneem en beveilig sal word. 'n Mens mag aan die Skrifverkondiging geen eise stel nie, net so min as wat die skrifverkondiger op willekeurige wys met die Skrif mag rondspring. Die oortuiging word egter gehuldig dat die Skrif vir sondaars bedoel is en dat die Kerk bygevolg van skuld en vergewing daarvan moet vertel. Wie geen sondaar is of meer is nie, het geen behoefte aan skrifverkondiging nie. En wie hieraan geen behoefte meer het nie, hoort in hierdie wêreld nie tuis nie. Uit skuldbesef en die voortdurende erkenning van die medeskuldigheid aan die dood van Christus vloei voort verantwoordelikheid uit dankbaarheid. Dankbaarheid lei tot pligsbetragting. En wie van pligte en verantwoordelikhede weet, ken geen regte en eise nie. En dit is presies wat ons by onsself en ons jeug moet uitroei, naamlik die voortdurende aanspraak op en geseur oor regte en eise.

Afsluitend oor die Kerk se boodskap aan die wêreld: moet daar nie 'n ingrypende verandering in die inkleding van die erediens plaasvind nie? Die Ned. Hervormde Kerk wil so graag die historiese lyn bewaar en is tog altyd so bang vir nuwighede en vreemde invloede. Dit is ongetwyfeld 'n baie mooi trek, maar 'n trek wat ook oordryf kan word. Dan word dit 'n gewoonte ter wille van 'n gewoonte of ter wille van andersheid. Wanneer sulks die geval is, dan word maklik so nousienend op die handhawing van gevestigde gewoontes gelet dat die werklike kommunikasie met God en die warme partisipasie met mekaar verlore kan gaan, naamlik die uitjubel van die eer en die goedheid van God, en die uitsê en die uitsing van skuld en geloof. Niemand lewe tog vir 'n verlede nie, maar vir 'n toekoms. Ek lewe nie uit 'n waarheid wat was of 'n gebruik wat deur mense ingevoer is nie, maar uit 'n waarheid wat is en sal bly, en deur my lewe gestalte moet kry. Ek glo nie omdat ek sondaar was nie, maar omdat ek een is en sal bly. En as ek geen sondaar is om onmiddellik van skuld en kwaad belydenis te doen nie, dan het ek aan God en Sy Gebod ook geen behoefte nie. Dan laat die Woord my koud en beteken die eschatologiese vir my ook totaal niks nie.

*Die Kerk se taak in die Wêreld*: Herhaaldelik is beweer dat die Kerk 'n boodskap vir mense IN die wêreld moet bring. Geen Sondags- of spesiale boodskap nie, maar een vir die volle lewe in al sy fasette, vir alle geleenthede en onder alle omstandighede. Dit is 'n boodskap vir mense van vleis en bloed, mense IN die tyd, maar onderweg na die Ewigheid. Die klem val dus op die ONDERWEGWEES van ons in-die-wêreld-wees. Hierdie deurtog word deur sosiale verhoudinge met geïmpliseerde verpligtinge gekenmerk: die mens is steeds mens onder mense in 'n bepaalde sosiaal-kulturele milieu. Hier ontvang die grootmens van die toekoms sy geestelike erfenis, die stukrag van en die rigkrag vir sy lewe. Dit is hier dat die grondslag vir die vorming van die sedelike karakter as die kern van die persoonlikheid gelê word. En soos dinge hier aangevoer word, so sal die selfbewerking van die eie lewensakker grootliks plaasvind.

Die aandagtige leser sal onmiddellik aanvoel dat na die huisgesin verwys word. Niemand sal ontken nie dat indien dit in hierdie natuurlike tuiste van die mens goed gaan, daar nie baie kerklike kommer hoef te bestaan nie. Dit is in die huis en die huislike lewe dat 'n mens jou eerste indrukke ontvang. Hierdie eerste indrukke is van deurslaggewende betekenis vir die latere ontwikkeling. Onder gunstige omstandighede word hier kennis gemaak met pligte en verantwoordelikhede en met die ordinansies van God wat sowel die rig- as die meetsnoere vir die gedrag van later word. Hier word liefde gekweek vir alles wat lewensveredelend is. Indien daar een plek is waar die Kerk met die grootste toewyding, maar ook met die grootste versigtigheid sy invloed moet laat geld, dan is dit in die huisgesin. Dit is gevaarlik om te veralgemeen, hoewel dit tog nie van alle waarheid

ontbloot sal wees nie as beweer word dat jeugmisdaad en jeugverwildering, kerklike vervreemding en kerkskuheid op die een of ander wyse met die huislike lewe verband hou.

Die Kerk se taak IN die wêreld is 'n taak ook ten aansien van die huisgesin. Dit is 'n heel indirekte, maar 'n uiters belangrike. En juis omdat dit indirek is, daarom is dit so betekenisvol. Deurgaans moet in die gedagte gehou word dat elke huisgesin deur 'n huwelik voorafgegaan is en dat die huwelik impliseer dat daar arbeid deur sowel die man as die vrou sal wees wat ook insluit die werk van opvoeding en onderwys in die geregtigheid. Die Kerk is verplig om in sy SKRIFVERKONDIGING hierdie drie sake, naamlik huwelik, arbeid en opvoeding te eksposeer. Die Kerk verlang dat die waarheid wat hy bely in die praktyk van sy lidmate, sowel belydende as dooplidmate, konkrete gestalte moet aanneem. Hierdie vergestalting vind telkens deur die egtelike verhouding, die arbeid en die opvoeding plaas. Vroeg en laat moet onder die aandag van die hoorder gebring word dat beide huwelik en arbeid instelling en verordening in die paradyslewe was en dat die mens hierdie dinge met hom meegebring het. Hulle herinner die mens aan 'n wêreld wat eenmaal goed was, maar veral aan een wat weer goed sal word. Die Christendom ken dan ook geen eksperimentalisme en pragmatisme in sowel die huwelik as die arbeid nie.

Dit val heeltemal buitekant die bestek van hierdie artikel om oor die huwelik en huweliksverhoudinge uit te wy. Dienaangaande bestaan daar baie lektuur wat 'n mens egter nie in alle opsigte bevredig nie. Daar is te veel moralisering en voorskrywing, terwyl dit 'n gebied is waar reseppe net nie deug nie. Die essensiële kan nie oorgenoeg benadruk word nie, naamlik skuld-, pligs- en verantwoordelikheidsaanvaarding, die bereidwilligheid om te offer en te ly, en boweal, om die medeskuldigheid aan die dood van Christus te bely. En wat die arbeid betref: hiermee raak ons die kruks van die hele saak. Dit verg egter 'n aparte artikel om 'n uiteensetting van die Christelike arbeidsvisie te gee. Hierin kan net die volgende opgemerk word: indien daar een saak is waaraan ons tyd die allerdringendste behoefte het, dan is dit 'n radikale hersiening van sy visie op die arbeid. Hoe lank gaan die Kerk nog swyg oor die verkondiging van die eintlike betekenis van die arbeid in mensebestaan? Die Kerk kreun en kla oor die sedelike verwildering van ons jeug, oor sy opportunisme en materialisme, maar wanneer sal hy as verkondiger van die heilswaarhede ook die adel van die arbeid besing? Wanneer sal dit tot ons jeug, maar veral tot ons belydende lidmate deurdring dat ons arbeid geen las nie, maar 'n genadegawe en 'n opdrag van God self is? Om te herhaal: ook ons arbeid herinner ons aan 'n wêreld wat eenmaal goed was en weer goed sal word. En wanneer ons eenmaal verstaan dat elke stukkie arbeid nie alleen die naklank is van 'n wêreld wat eenmaal goed was nie, maar die oprigting van tekens en bakens om te herinner aan en op te wek tot wat in aantog is, dan is die grootste

oorwinning in ons lewe behaal. Die grootste euwel van ons mense is hulle arbeidskuheid. Ons is sport- en vakansiegek omdat ons bang is dat ons miskien te veel sal werk.

Ons is buitengewoon gestel op ons christenskap. Die vraag is of daar voldoende besef word watter eise die Christendom aan sy belyers stel ook wat betref die arbeid. Wanneer sal ouers verstaan dat hulle hul arbeidsgesindheid ook op hulle kinders oordra? Ouers wat vroeg en laat kla dat hulle tog so swaar moet werk, moet hulle op die lang duur nie verbaas nie indien hulle kinders altyd moeg en vaak is, hulle arbeidsvoorreg bekreun en altyddeur na vakansies en vermaaklikhede uitsien. En dan adviseer ons ons kinders, of laat hulle adviseer met betrekking tot die beroep wat hulle moet kies. Die skrywer het dit nie teen beroepsleiding en opleiding vir 'n bepaalde beroep nie, maar wil tog daarop wys dat wanneer ons ons kinders aanraai om tog net nie dié beroep te kies waarin ons self staan nie, ons in die meerderheid gevalle 'n mosie van wantroue in onsself stel. Wat meer is: beroepskeuse is nie net 'n saak van aanleg en belangstelling nie, maar ook en veral een van gehoorsaamheid en wyding wat meermale met aanleg en belangstelling bitter min te maak het. Arbeid in christelike verband impliseer ook die bereidwillige aanvaarding van leed en teleurstelling, die opneem van die kruis en die gewillige dra daarvan. Wie dit in sy arbeid net van 'n leie dakkie wil hê, verstaan bedroef min van menslike geroepenheid en van die implikasie van 'n CHRISTELIKE arbeidsvisie.

En wat die opvoeding as opvoeding betref: die Kerk verkondig die Heilswaarhede, die ouers voed op. Die Kerk het 'n boodskap ook wat betref die rigting van die opvoeding. Die Skrif is geen opvoedkundige leerboek en ook geen handleiding vir opvoeders nie, maar openbaringsboek van God en Sy Wil met die mens. Die Kerk as heilsverkondiger het ongetwyfeld die mooiste filosofie en psigologie van die opvoeding wat 'n mens jou kan voorstel. Verder beskik hy oor die pragtigste middel om daardie soort opvoeding te wek wat in elke opsig menswaardig en gode-welbehaaglik sal wees. Hier word aan die Sakrament van die Doop gedink en verder aan die doopsformulier. Laasgenoemde is beslis een van die mooiste kleinode en kosbaarste besittinge van die Afrikaanse-Protestantse Kerke. Die skrywer hou hom daarvan oortuig dat die Kerk baie meer van hierdie kosbare besitting gebruik behoort te maak. Wanneer sal by die bediening van die heilige doop die hele gemeente onder die gesag en die implikasies gebring word wat uit hierdie formulier spreek? En wanneer sal hy by die bediening van die doop sy skrifverkondiging 'n opvoedingsinslag gee? Dit is die kosbaarste geleentheid om ouerlike verantwoordelikheid in te skerp. Die grootste skuldiges in die verwaarlosing van ons jeug is die ouers self. Is hulle bewus en bly hulle bewus van die implikasies van die belofte wat hulle aflê? Besef hulle dat hulle hul onder die direkte gesag van God plaas en verantwoordelikheid aanvaar om van hulle kant hul kinders in 'n be-

paalde rigting te lei ook wat betref dag- en sondagskool, kerkbesoek, arbeidsverrigting en beroepskeuse, sport en vermaaklikheid? Is ouers daarvan bewus watter magtige wapen die doopsbelofte vir hulle is, veral in die opvoeding van 'n ongehoorsame en weerbarstige kind, maar weet hulle ook watter self- en kinderverwyt hulself op die hals haal wanneer daar aan die doopsbelofte geen uitvoering gegee word nie? Die jeug afkomstig van die platteland veral raak so maklik kerklos en kerkvreemd. Vergewis die ouers hulle daarvan dat hulle kinders dié Kerk in die stad besoek waarin hulle gedoop en kerklik getoë is? Weet die ouers dat die predikant weet waar sy kind werk en woon? Dit is meer as tyd dat die Kerk nie net op die voorreg om in die genadeverbond ingelyf te word, sal wys nie, maar ook op die pligte en verantwoordelikhede wat die ouers met die doopsbediening aanvaar. Waarlik: God is goed, maar Hy hou nie van ouers en ook nie van 'n Kerk wat nie ook pligte ken en verkondig, en verantwoordelikhede nakom nie.

*Die Kerk se Samewerking met die Landsowerheid*: Wie meen dat die Kerk sy gang en die bestuursinstansies hulle s'n moet gaan, maak hom nie alleen aan eensydigheid skuldig nie, maar gee ook blyke dat hy van menslike geroepenheid in Protestants-Calvinistiese verband nie die regte begrip het nie. Die mens is nie Christen op Sondae en staatsburger, arbeider, wins- of genotsoeker gedurende die res van die week nie. Die Kerk moet toesien dat die rangorde van waardevoorkeur wat deur die Protestantse Christendom gehuldig word, praktiese vergestalting in elke faset en te alle tye in die openbare lewe sal geniet. Ons Calvinistiese lewensvisie huldig hierdie gedagte. En waar ons landsowerheid die oppergesag van God-Drieënig erken, daar het die Kerk as die verkondiger van die Wil van God met die mens die plig om toe te sien dat die staatsordeninge met die Skrifbepalinge sal konformeer. Dit beteken allermins tirannisering van die Staat deur die Kerk. Elkeen behou sy terrein, maar eerbiedig ook mekaar se verpligtinge en verantwoordelikhede. Dit is die dure plig van die Kerk om enige bestuursinstansie langs die erkende en veroorloofde weë attent te maak op dié dinge wat die sedelik-godsdienstige lewe van sy lidmate bedreig. Dit is waar dat die owerheid nie op die wense van elke godsdienstige groep kan reageer nie, want dan sou hy owerheid sonder verantwoordelikheid wees. Maar dit is ewe waar dat geen Kerk wat sy naam werd is met versoeke sal kom wat nie bevorderlik is vir die geestelike welsyn van almal nie. Wat ons vir onsself bepleit en propageer, moet ons ook bereid wees om aan 'n ander te gun.

Die Kerk, — en hier word veral aan die Afrikaans-Protestantse kerke gedink — het hom dwarsdeur die geskiedenis van ons Vaderland steeds geroepe gevoel om met die owerheid saam te werk en waar die owerheid 'n weg wou opgaan waarmee die Kerk geen instemming kon betuig nie, het hy hom met enige geregverdige middel daarteen verset. Meer as een nasio-

nale bedreiging is deur die Hollands-Afrikaanse kerke afgeweer, terwyl die mooie wat op die weg van lyding en opoffering tot stand gekom het, nie sonder die aandeel van die Kerk was nie.

In hierdie tyd van uiterste materialisme en van benouende lewensvervlakking wat in alle lae van ons samelewing waargeneem word, is dit meer as tyd dat die Kerk sy stem in hierdie industrialiserende vermaterialiseringsproses sal laat hoor en dat met elke geregverdigde middel gewaarsku en desnoods opgetree sal word teen die uitwasse van hierdie eeu van tegniek. Die Kerk moet hom nie wys maak dat hy hierdie proses van industrialisasie sal keer nie, want dit sou daarop neerkom dat hy die see met die hande wil leegskep. Hy moet teen die lewensvisie agter die proses waarsku, naamlik dié van heers-oor die wêreld. Die Christelike en die eksperimentalistiese lewensvisies kan nie langs mekaar gedy nie. 'n Nugtere kyk op mensenatuur hou die sekerheid in dat die pragmaties-eksperimentalistiese kyk op werklikheid en lewe baie sterker aanklank by die mens se natuurlike drange vind as die Christendom. Laasgenoemde eis die totale mens op; dit plaas hom onder verpligtinge en dit lê sy doen en late aan bande.

Dit is ongetwyfeld so dat die Skrif die mens in 'n posisie van heerskappy oor die skepping plaas, maar dan is dit 'n totaal andersoortige heerskappy as wat deur die Scientisme met sy gedagte van heers-oor-die-wêreld beoog word. Laasgenoemde bepleit 'n heerskappy deur die mens ten behoewe van die mens. By hierdie lewensvisie het 'n besliste betekenisverskuiwing plaasgevind waardeur die waarheid vervals is. Dit is suiwer gesekulariseerde Christendom waardeur die volle krag van die christelike gedagte van heers-oor-die wêreld volledig ingeboet is. En nou is dit juis hierdie ontledigde en van hulle oorspronklie waarheid ontdane begrippe wat die mag in die hedendaagse wêreld uitoefen. Die Scientisme proklameer onder andere die heers-oor-die-wêreld kragtens die vermoëns van die mens, terwyl die Christendom 'n heersoor kragtens die skeppingsorde en die opdrag van God bepleit, dus veelmeer die houding van heers-deur-liefde as van beheersing met die oog op mag. Teenoor die relativering van alle waardes handhaaf die Christendom 'n absolute relativisme, naamlik dat NIKS waarde besit nie, behalwe die Koninkryk van die Hemele. Die idee van progressie by die Scientisme is een met die oog op geluk, gemak, gerief en genot, terwyl die progressivisme in die geval van die Christendom 'n eschatologiese gerigtheid bevat, naamlik die hiernamaalse heerlikheid. Vir die Scientisme is die arbeid 'n middel vir die versameling van ekonomiese bates en om laasgenoemde so geslaagd moontlik te maak, moet die arbeid vermeganiseer word: soveel goedere moontlik in die kortste tyd moontlik wat beteken maksimum produksie met die oog op maksimum winste in 'n minimum tyd met 'n minimum mensehande. Vir die Christendom is die arbeid deel van menslike geroepenheid en geskapenheid, nie om ekono-

miese bates te vergader nie, maar om naas die voorsiening in ekonomiese behoeftes en JUIS DEUR die wyse van voorsiening hierin die gebod van ten uitvoer te bring. Arbeid is dus verantwoordelikheidsaanvaarding teenoor God en die naaste wat deur God op ons pad geplaas is.

Dit word hoog tyd dat die kerke hulle kerkisme sal vergeet om mekaar te vind ten einde 'n solidêre front te vorm om die bestuursinstansies periodiek te ontmoet, allermins om te dikteer wat gedoen behoort te word, maar om advies te gee en veral om te getuig voor owerheid en volk sodat die boodskap uit Jerusalem met sy geïmpliseerde rangorde van waardevoorkeur ook via die staatsordeninge sal gedy. Daar is veral 'n viertal staatsdepartemente met wie die Kerk steeds in die nouste voeling behoort te bly, naamlik dié van Arbeid, Onderwys, Binnelandse Sake en Volkswelsyn. Hiervan is in die lig van wat in die voorafgaande paragrawe gesê is, dié van Arbeid een van die belangrikste. Dit is hier dat die Kerk vir sy kosbaarste besitting moet oleit, naamlik die mens as persoon. Dit gaan nie oor die sogenaamde tekort aan mannekrag nie, maar die té jeugdige toetreding tot die beroepswêreld en paradoksaal genoeg: die té groot salarisse wat ons jeug verdien. 'n Mens kry onwillekeurig die indruk asof daar teenswoordig op ons jeug gebieë word en dat hulle na die arbeidsmark gelok word. Die skrywer hou hom daarvan oortuig dat die hoë aanvangsalarisse op so'n jeugdige leeftyd die ondergang van ons jeug beteken. Daar is 'n opvallende teësin vir karaktervormende studie en die ontwikkeling van die so nodige motiefkrag. So baie begin onder 'n pragmaties-utilistiese motief: waar en by wie kan ek die meeste geld verdien, en hoe min behoort ek te doen om die meeste te kan verdien?

Om te eindig: een van die mees verblydende tekens in ons Afrikaans-kerklike lewe is die werksaamhede van die interkerklike komitee vir opvoeding en onderwys van die drie Hollands-Afrikaanse kerke in Suid-Afrika. 'n Uiteensetting van sy werksaamhede is hier nie ter sake nie. Sy gepubliseerde stukke is tot die beskikking van elkeen wat daarom vra. Hulle verdien om bestudeer te word. Die komitee vra die steun van elke instansie van ons Kerk. Wat meer is: hy het die reg om daardie steun te eis. Hierdie komitee het nog maar net begin met sy groot en verantwoordelike program. Wat beoog hy? Niks anders nie as die godsdienstig-sedelike heil van die jeug van ons volk en van ons land langs die weg van die openbare onderwys. Hy beywer hom vir die beëindiging van die verdeelde beheer van die onderwys op die middelbare skoolvlak en vir die stigting van 'n uniale onderwysraad wat die ministerie van onderwys moet adviseer. Hier lê 'n allergewigtigste taak vir die Kerk, aangesien daar 'n skreiende behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid bestaan. En wanneer die kerke nie

hulle eendragtige steun insake so 'n uniale onderwysbeleid laat hoor nie, dan moet daar nie verbasing uitgespreek word nie wanneer by die slotoordeel verneem word dat daar nie na hulle welsyn omgekyk is nie vir wie die Seun van die Mens ook mens geword het.

(*W*.g.)

C. K. OBERHOLZER.

Universiteit van Pretoria,
Pretoria,
Mei 1955.